# HOOFSTUK 1

**Die wapperende bladsye** trek my aandag. Die boek lê in die voortjie en die wind roer die bladsye. Dit lyk nogal soos een van daardie duurderige dagboeke wat mens by PNA koop. Die soort met die leerbuitekant. Dalk 'n skolier wat dit op pad huis toe laat val het? Baie kinders loop in die middae dié roete, want ons buurt is nie ver van Hoërskool Vallei af nie.

Ek huiwer langs die boek.

Sal ek stop en dit optel? Dit probeer terugbesorg? Of nuuskierig wees en kyk wat daarin staan? Ek hoef nie lank te dink nie. Ek is beslis nie daai tipe ou nie. Ek gee nie om wat daarin is of wie s'n dit is nie, beslis nie genoeg om my kosbare tyd op te mors nie. Wie dit ook al verloor het, moet dit maar weer kom soek.

Ek rek my treë doelgerig weg van die boek af.

"Haai, Charlie," groet Klara toe sy van agter af op haar fiets verbyspoed. Haar blonde poniestert swiep verwoed soos sy trap. Dit lyk nie asof dit Klara pla wat ander dink nie, want sy ry meestal met haar fiets skool toe. Iets wat nie baie leerlinge doen nie.

"Hallo." Sy is te vinnig verby om my groet te hoor. Dit dryf saam met die wind agter haar aan, maar ek gee nie juis om nie. Klara Serfontein – ek kan my altyd aan haar verkyk. Passievol wanneer sy op die atletiekveld is. Passievol wanneer sy lag. Passievol in alles wat sy aanpak.

Ek skud my kop en fokus eerder op my voetval. Ritme is alles. Ek visualiseer solank my ritme vir vanmiddag se oefening.

My foon piep. Dis Jordan.

Wind, bru. Wind.

Ek glimlag.

Wat het jy verwag?

tik ek so in die stap. Laatsomer in die Kaap kan nogal winderig wees. Ek en Jordan maak altyd voorspellings oor die wind in die middae op die atletiekbaan. Dit kan 'n man laat les opsê. Maar ek kla nie daaroor nie, want daar is nog net enkele weke oor voor die Suid-Afrikaanse kampioenskap. Die laaste byeenkoms van die seisoen én die hoogste sport van die leer. Dis waarvoor ons die hele seisoen gewerk het en die wind gaan my nie keer nie.

Vanjaar is ek en Jordan die enigste middelafstand-atlete van Vallei wat deurgedring het na die SA's. Klara gaan vir die vierhonderdmeter-hekkies en die res is veldatlete.

Ons huis kom nader en ek begin vinniger stap.

Bravo wag beslis al vir my. Hy is elke middag reg om berg-op te hardloop wanneer ek by die hekkie instap. Gelukkig lê ons huis aan die voet van die berg in 'n cul de sac; daarom is dit maklik om vroegoggend en voor oefening saam met

hom te hardloop. Hardloop is in ons albei se bloed. Dis wat skaaphonde doen en dis wat ek doen. Dis ons gedeelde passie.

Ek trek my asem diep in. Blaas dit uit. Is dit sad dat 'n hardloopsessie saam met my hond die hoogtepunt van my dag is? Ek weet dié tel as 'n bevoorregte omgewing en ek word gesien as 'n bevoorregte kind. Vallei is 'n goeie skool. Bergvliet is 'n mooi woonbuurt. Berg, bome, netjiese huise. Seker so na aan die natuur as wat dorpsbewoners kan kom. Veilig en baie spasie. Daar val nie bomme om ons nie. Dit wat moet werk, werk. Maar tel dit as bevoorreg as jou huis meestal pretensie met 'n mooi dop oor is? Net 'n eksoskelet van funksionaliteit, terwyl wat bínne is, tekort skiet?

Toe ek langs Bravo hurk, druk hy sy neus in my nek en oor. A dog is man's best friend. Ek kan bevestig dis waar. Die slim ou wat dit uitgedink het, het geweet waarvan hy praat. Bravo is die enigste een wat altyd hier is wanneer ek tuiskom. Hy is getrou. Vir hom kom ek huis toe. En vir hóm is ek huis.

"Gee my net kans om aan te trek, Bravo," paai ek hom toe hy voor my bly draai. Hy aanvaar die opstaan-hardloop-skool-sport-hardloop-huiswerk-slaap-patroon van my lewe, maar hy laat my nie toe om sy hardloopsessies oor te slaan nie. Dis dié roetine wat ons albei se sanity behoue laat bly, want in ons huis moet ek my eie sanity skep.

Dis nie 'n huis met doodgewone mense nie. Ongelukkig is die hele spul 'n klomp samaritane. Dis hoekom ek die boek laat lê het. Ek weier om ook een te wees. Al my pelle het gewone ma's wat winkels toe gaan, kos koop én kan kook, wat help met skooltake. Die wat werk, het normale werke. Susters. Onderwysers. Besigheidsvroue. En gewone pa's wat elke dag kantoor toe gaan en smiddae tuiskom. Naweke sport kyk.

Hoekom my ouers en suster kies om abnormaliteit die norm te maak, sal ek nooit verstaan nie. Maar hulle keuse hoef nie myne te wees nie. Ek is oud genoeg om dit te weet én toe te pas. Charlie Flets fokus in hierdie race op homself!